
Publication: Landbouweekblad
Date: 16 Dec 2016
Page: 30





# Vermy kortpaaie as jy testament opstel

**Spyt kom altyd te laat. Indien jy nie terwyl jy gelewe het jou testament reg kon opstel en bewoord nie, gaan dit ook nie ná jou dood kan gebeur nie.**

Jou testament is jou laaste sê. As jy nie daarin gesê het wat jy wou nie, is jou kans verby. As jou bedoeling nie duidelik blyk nie, kan jou erfgename benadeel word.

Al is dit duidelik wat jy wil hê moet na jou dood gebeur, is daar nie altyd sekerheid indien jy die kortpad gekies het en 'n "standaard-testament" opgestel het nie. Standaard-testamente is twak, en mense wat dit aanbeveel, weet nie waarvan hulle praat nie. Jy is nie "standaard" nie. Jou geliefdes is nie "standaard" nie. Die wetlike gevolge, ingesluit belastinggevolge, is nie "standaard" nie. Daar is 'n swetterjoel glipsplekke wat alles kan beduiwel. Ek kyk na enkeles.

## KONTROLELYS

- Jou testament moet op skrif wees.
- Die bedoeling moet duidelik blyk dat dit jou testament is en nie een of ander lukrake dokument nie.
- Elke bladsy moet deur jou onderteken wees in die teenwoordigheid van twee getuies wat elkeen ook in jou teenwoordigheid moet teken.
- Enige wysiging moet eweneens onderteken word. Terloops, kry iemand anders as jou man, vrou of kinders (of enige erfgenaam) om as getuie te teken, want doen hulle dit, verbeur hulle volgens wet hul erfenis.

Daar is gevalle waar testamente nie aan die voorskrifte voldoen het nie, byvoorbeeld dat dit op 'n rekenaar of op 'n velletjie papier geskryf is, maar dit is nie 'n geldige testament nie en voordat dit as sulks aanvaar kan word, sal 'n hof daaroor moet beslis. En laat ek dit maar sê: Indien daar enige twyfel is, of as twyfel gesaai kan word oor die egtheid van 'n testament, is daar iemand wat dit gaan probeer uitbuit, want "dis wat die wet sê".

## GEVALLESTUDIE

In die appèlhofsaak *Blom e.a. v Brown e.a* [2011] JOL 27151 (SCA) het die oorledene se vrou sy testament uitgeskryf, waarin hy alles aan haar bemaak het. Dit was gedoen op 'n skynbare voorbode dat iets met hom kan gebeur terwyl hy op reis was en sy nie haar hande op sy ou testament kon kry nie. Hy ís toe wel tydens die reis dood.

Sy twee dogters het egter aangevoer die dokument is (volgens wet) nie 'n testament nie, waarna 'n hof beslis het dit kan tog as sulks aanvaar word. Op appèl is die uitspraak bevestig.

Hoewel dié saak en ander soortgelykes die testament erken het, is die belangrike punt hier dat dit eers die gevolg van 'n hofsaak was. Met 'n bietjie moeite en min geld vir kundige advies kan jy jou kinders uit die hof hou. Dit kos geld en bederf die familie se onderlinge verhoudinge.

'n Mens moet ook gereeld jou testament laat hersien. Mense se omstandighede verander soos wat die lewe rondom jou gebeur, soms ook vanweë veranderinge aan die lewe van die mense rondom jou en nie noodwendig joune nie.

Byvoorbeeld, 'n man en vrou het al hul bates aan mekaar bemaak met die voorwaarde dat, indien hulle gelyktydig sterf, die bates gelykop aan die twee kinders sal oorgaan. As een van die kinders dan al oorlede is, moet sy of haar deel na die oorlewende kind gaan. Dit is 'n algemene klousule in 'n testament.

Maar intussen het albei kinders getrou en self kinders gekry. Nou is die vraag of ouma en oupa liewer, in die geval dat hul kind al oorlede is, daardie kind se bemaking aan die kleinkind wil oormaak pleks van aan die ander oorlewende kind.

Ek is seker die meeste oumas en oupas sal so redeneer, maar as dit nie in die testament staan nie, gaan dit nie gebeur nie.

'n Ander belangrike punt is dat die wet aanneem mense wil hul kinders gelykop laat erf. Dit laat die vraag ontstaan of geskenke wat in lewe aan kinders gemaak is, by dood ingebring moet word of nie. As jy dit nie wil hê nie, moet dit so gesê word. **LBW**

*Nico van Gijsen is lid van Fisa en bestuurende direkteur van Finlac, 'n onafhanklike finansiëlerisiko-bestuursmaatskappy.*

NAVRAE: Mnr. Nico van Gijsen, e-pos: **nico@finlac.com**; tel. **021 461 2067**.